Tema: Doen jou daaglikse werk met vreugde vir die Here.

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 188:1,2
Lied 466:1,2,3,4.

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps. 95 - 1: 1
Votum
Seën
Loflied Ps. 90 - 2: 1,4,6
Geloofsbelydenis: 12 Artikels van die Christelike geloof

Verootmoedigingsdiens
Wet: Eksodus 20
Sing Sb 9 - 1: 10,11
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing: Genesis 1: 26 - 28
Gen. 2: 8 – 15
Prediker 11: 1 - 10
Teks: Genesis 1: 28 en Prediker 11: 1.
Sing: Ps. 127 - 2: 1,2 (tweede melodie);
Woordverkondiging.

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Sing Ps. 128 - :1,4
Wegstuurseën
Amenlied: Sb 13-2.

Geliefde broeders en susters en kinders

Ons het twee Sondae gelede geleer dat jy nie lewensvervulling vind deur dit in jou werk te soek nie. Ware lewensvervulling lê eerstens daarin dat ek as beeld van God leef en in Hom my vreugde vind. Na daardie preek het iemand vir my gesê dat hy daardie Maandagoggend nie baie lus was om werk toe te gaan nie! Want dit bring dan nie vreugde nie!

Maar geliefdes, daar is ook ’n ander kant van die waarheid. Die wonderlike genade van God kom egter ook na vore in die wye waarop Hy, nadat Hy ons as beeld geskep het, aan ons ’n heerlike taak gee om die aarde te bewoon en te bewerk (Gen. 1: 28).

Natuurlik kan en moet my werk ook vir my vreugde gee, maar dan vanuit my beeldwees van God waarmee ek ook met my werk die Here se heerlikheid wil laat weerkaats. Of om die woorde van Efesiërs 6 te gebruik: Doen jou werk vir die Here! Wanneer ek my daaglikse werk vir die Here doen, gee Hy vir my groot vreugde daarin.

Tog kom daar ook tye wat jy wonder oor die sinvolheid van jou daaglikse werk. Is dit wat ek doen regtig betekenisvol? Maak dit 'n verskil aan die wêreld waarin ek leef en die mense wat rondom my is? Hierdie vrae kom gewoonlik wanneer dit vir 'n mens voel asof jou werk nie vrugte oplewer nie of wanneer jy dalk al baie lank met 'n sekere saak besig is en dit vir jou voel asof daar geen groei of vordering kom nie.

Die Here gee vir ons vandag uit Prediker11 perspektief op hierdie besinning oor ons werk en ons lewe. Hy wil dat ons opnuut sal besef dat ons werk en ons lewe deur Christus altyd sinvol is . Dat die Here alles in ons lewe gebruik om ons sinvol vir Hom te laat lewe en werk. Dat niks wat gebeur het, doelloos en onnodig is nie en dat elke geleentheid wat kom deel vorm van God se plan met my lewe. Daarop kom die boodskap vanmore:
Doen jou daaglikse werk met vreugde vir die Here.

Ons almal ken die Prediker se besinning oor die lewe - hoedat hy alles onder die son ondersoek en beproef het en bevind het: dat alles sonder God is tevergeefs. Dit klink op die oor af na ’n negatiewe beoordeling maar as ons mooi luister se die prediker sê daarmee dat ons lewe met God altyd sinvol is en dat niks in ons lewe tevergeefs is nie. Ook nie ons arbeid en lewensroeping nie. Ons as gelowiges het juis die genade ontvang om te weet dat God ons lewe sinvol maak en dat Hy in Christus ons geroep het om vir Hom te arbei.

Om jou brood op die water te werp is dus nie ’n hopelose daad van mag dit tog iets oplewer nie - soos sommige mense dit wil interpreteer nie! Nee, dit is die doelgerigte vervulling van die opdrag wat God aan ons in Genesis 1: 28 gegee het nl.: om die aarde te bewerk.

Daar het die Here ons met ons arbeidsopdrag “om te heers en te bewer” konings gemaak van hierdie wêreld om dit namens Hom te bestuur en te benut. ’n Heerlike opdrag vir enige mens: om te werk. Ons moet ook daarop let dat die werkopdrag voor die sondeval kom en dat werk nooit bedoel was om vir ons moeite te wees nie

Ongelukkig is hierdie arbeid deur die mens se sondeval gedoem tot moeitevolle arbeid en dit is ook wat die Prediker raaksien en ervaar. Dit is ook waarmee ons elke dag worstel: die uitdagings van werk en die moeite die sonde daarin meebring. Maar arbeid br. en sr., hoe moeitevol ook al, maak jou lewe sinvol. Vra maar vir enige een wat sy of haar werk

moes verloor of prysgee. Die gevoel van doelloosheid en betekenisloosheid wat oor so ŉ mens kom, bevestig hierdie feit. Al is ons werk hard en moeitevol, wil ons nogtans die sinvolheid daarvan bevestig hê.

Die wonderlike evangelie is Prediker se “met God” is alles betekenis vol en daarom stuur God vir Jesus Christus in ons gebroke wêreld om ook ons werk weer sinvol te maak. Die herstel wat Christus kom bewerk het in ons lewe het ook effek op ons opdrag om te werk. Nou is ons nie meer slawe van moeitevolle arbeid nie maar kan dit ook beheers en weer soos konings ons werk positief en betekenisvol vir die Here verrig

Kom ons kyk dan wat sê die Here oor hierdie arbeid. En dan kyk ons deur twee verskillende lense daarna:

1. eers ŉ terugblik oor my lewe en werk wat verby is en dan
2. ŉ vooruitskouing na die lewe en werk wat vir my voorlê.

Brs. en srs., wanneer ŉ mens terugdink oor alles wat gedoen is, dan kom ons terug by die vraag : Wat is die vrug op al my werk ? Ek het my brood op die water gewerp en wat het ek teruggekry? ŉ Mens sien dit dikwels nie met die eerste oogopslag raak nie. Dikwels wag ŉ mens jare voordat jy vrugte op jou arbeid pluk. En dan praat ons nie nou in terme van finansiële voorspoed of kompensasie nie.

Want die sinvolheid van ŉ mens se arbeid hang nie af van die feit dat ek wins gemaak het of ŉ salaris ontvang het en wat die omvang daarvan was nie. As die Here dit gegee het - baie of dalk nie so baie nie - dan moet ŉ mens daarvoor dankbaar wees want dit is sekerlik ook vrug op jou arbeid.
MAAR geld is nie wat vir die gelowige bevrediging gee nie op sy arbeid nie. Die Prediker sê elders dat nie rykdom of armoede ŉ mens gelukkig maak nie, maar wat die mens met daardie rykdom of armoede vir God doen.

En daarom soek ŉ mens in jou besinning na die vrug op jou arbeid of ek dit *in diens van God gedoen het.* Ons soek na die sielevreugde in die feit dat ek alles vir God gedoen het. Wat het ek bygedra met my arbeid om hierdie wêreld vir God te bestuur? Het my onderneming of my werk bygedra om God se Koninkryk uit te bou? Om mense se lewens met Christus en sy genade te raak?

Hoe het my werk of dalk net die wyse waarop ek dit gedoen het - ander mense se lewens positief geraak en beïnvloed? Hoe het ek bygedra om die Here se Naam in my werk te eer? Antwoorde op hierdie vrae bring perspektief.

As ek dit positief kan beantwoord dan bring dit vir my in die Here bevrediging.
En nie net ŉ antwoord op die vrug op jou daaglikse werk nie. ŉ Mens wonder ook oor die brood wat jy gewerp het op ander terreine in jou lewe. Wat is die vrug en die groei in my geloofslewe? My verhouding met die Here? Hoe staan sake daar? Of die vrug op brood wat ek in my huwelik gewerp het? Wat het ek teruggekry van die opvoeding wat ek my kinders probeer gee het? Of die bydrae wat ek in die gemeenskap probeer maak het deur op baie plekke in die gemeenskapslewe betrokke te wees as gelowige? Dit is op hierdie terreine waar seëninge moeiliker meetbaar is.

En hier kom die troosvolle belofte van die Here: Hy het en sal jou arbeid seën. Al sien jy nie nou die vrugte daarop nie, God sal dit gee. Dit belowe die Here ons vandag! Jou brood wat jy op die water gewerp het sal eendag na jou terugkeer. In psalms 126 - 128

belowe die Here sy seën op ons daaglikse werk. Wanneer ons in al ons arbeid op watter terrein ook al op God fokus en dit verrig om Hom te dien sal Hy die vrugte daarop gee.

Pred. 11: 5 gee tweedens die perspektief dat ons as mense nie verstaan hoe God te werk gaan nie. Hy gee dalk die seëninge waarna ons soek op tye wat ons dit nie verwag nie of op wyses wat ons nie verwag het nie. Net so min as wat ons verstaan hoe God ʼn mens skep net so min verstaan ons hoe Hy ons arbeid gebruik in sy diens, maar sy belofte staan vas: die arbeid wat jy verrig het: die Here sal dit seën en dit bring troos en vrede in jou gemoed.

Daar is nog een aspek van ons terugblik waaraan ons moet aandag gee. En dit is die kommer in jou gemoed oor die dinge wat in die verlede verkeerd geloop het. Die foute wat gemaak is en die dinge wat jy graag anders sou wou gehad het. Daar gebeur baie dinge in ons lewe wat ons anders sou wou gehad het. Beplanning wat anders moes afgeloop het en sake wat jy anders sou wou sien.

Hieroor gee Pred. 11: 3 vir ons die regte perspektief: daar is dinge in jou lewe waaroor jy geen beheer het nie en wat jy nie kan verander nie. Die prediker sê: as die wolke vol is en wil reën kan jy dit nie keer nie . Daar is dinge waaroor jy nie beheer het nie, omstandighede wat God oor jou gebring het, waarvoor jy beplan of gevra het nie. Mense wat dinge doen wat jy nie verstaan nie en nie weet hoekom hulle dit gedoen het nie.

Die Here sê vandag vir jou: aanvaar hierdie dinge en maak daarmee vrede. Dit is buite jou beheer. Ook dit val binne die kader van God se onverstaanbare werkswyse wat ons rustig in sy hande moet laat om die afloop daarvan die sien.

Maar as daar dinge was, br. en sr., wat deur jou toedoen verkeerd geloop het en waarin jy gesondig het dan is daar net een manier om daarmee vrede te maak en dit is die pad van berou en vergifnis wat die Here ons leer. Erken jou foute en tekortkominge, bely dit voor die Here en soek sy vergifnis. Dit sal vrede in jou gemoed bring.

Want God vergewe en vee hierdie foute uit deur die bloed van Jesus Christus, Hy wat volmaak was en geen foute gemaak het nie, deur Hom skenk God jou hierdie vergifnis en salf Hy jou gemoed sodat jy ook van die foute van die verlede afskeid kan neem.
Maak dus reg met God en as jou foute ook mense benadeel het, gaan maak dit met hulle reg.

Kom ons kyk nou deur die tweede lens na ons arbeid : na die pad vorentoe.

En hier kan ons vashou aan die volgende riglyne:

1. Dit wat kom op jou arbeidspad van more en oormore is geleenthede uit God se hand om te werk. Doen dan jou werk met ywer en toegewydheid op alle terreine. Gee alles wat jy het,. As jy met ʼn skoon gewete voor God jou alles gegee het, dan kan jy sonder om skuldig te voel hoop en bid op sy seën.

2. Doen goeie beplanning en voer dit uit. Om jou brood op die water te ‘werp’ dui nie op ʼn roekelose ongedissiplineerde werkswyse nie. Nee, vers 2 wys ons op beplanning en voorsiening vir die onverwagte. Van die skoolkind tot die direkteur: God verwag dat jy bepan en doelgerig sal werk.

3. Br. en sr. gebruik elke geleentheid. Moenie na omstandighede kyk en dit jou negatief laat beïnvloed nie. Ons kan nie die omstandighede verander nie - nie die

politieke klimaat of die ekonomiese tendense nie, maar ons kan en moet die geleenthede gebruik wat die Here ons gee. Benut elke geleentheid na die beste van jou vermoë.

4. Besef jou beperkinge. Ons laai alte maklik te veel dinge op onsself sonder om ons beperkinge in ag te neem. En dit bring baie frustrasie en ongelukkigheid mee in ons lewe. Onthou wat sê: die Here: Hy is ook aan die werk. Daar is ŉ spreekwoord wat sê: Niemand staan vroeër op as God nie. Doen wat jy kan en laat die res aan die Here oor. Hy is besig om sy planne in jou lewe tot uitvoer te bring - vertrou Hom gerus.

Brs. en srs. dit alles is moontlik. Daarvoor is Christus die waarborg. Deur ons geloof in Hom word ons gebroke arbeid - waardevolle boustene in God se plan. Sonder dat Hy ons kinders van God gemaak het, sou al hierdie dinge onseker en sinloos gewees het.

Sou ons besinning ons moedeloos en terneergedruk gemaak het. Dan sou die woorde van die Prediker vir ons waar gewees het as hy sê: Alles is terevergeefs : die verlede en die toekoms. Maar nou weet ons dit is nie waar nie. As kinders van God is arbeid sinvol en vrugtevol want God laat sy seën daarop rus.

Kom ons doen daarom ons daaglikse werk met vreugde vir die Here!

Amen.